# DIE SKIPPERTJIE

Nuusbrief van Laerskool Park, Mosselbaai

16/2026 (Skippertjie nr. 66)

8 Mei 2026

## IN HIERDIE UITGAWE

UIT DIE KAJUIT

BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

1. Koorfees
2. Wintersdrag
3. Die Aalwyn klerewinkel
4. Hokkie
5. Koorleiers
6. Netbal
7. Tennis
8. Johann Muller 0.11 rugby- en netbaltoernooi
9. Rugby- en netbaluitslae
10. Personeelverjaardae
11. Skooltye vir 2026
12. Skoolfonds vir 2026

**"Learn to value people. Life rarely sends the same soul twice."**

**Afrikaanse idioom van die week**

**Botter kan nie in sy mond smelt nie.**

*Iemand wat voorgee om onskuldig te wees, maar eintlik skuldig is.*

**2026 SKOOLKWARTALE**

**2de:** 8 April – 26 Junie

**3de:** 21 Julie – 23 September

**4de:** 6 Oktober – 9 Desember

## UIT DIE KAJUIT

**Omgee:** Ons vier Sondag Moedersdag in Suid-Afrika en hierdie week wil ek graag die aandag op al ons moeders plaas. Moedersdag is 'n universele viering wat die onbaatsugtige liefde, opoffering en ondersteuning van moeders regoor die wêreld eer. Dit is die een dag in die jaar wat ons stilstaan by die ongelooflike impak wat moeders op ons lewens het. Die rol van 'n moeder strek veel verder as bloot biologiese ouerskap; dit omvat die koestering van siele, die vorming van karakters, en die onophoudelike aanmoediging wat ons help om ons volle potensiaal te bereik. 'n Moeder is baie keer die eerste onderwyser, die onvermoeide versorger en dikwels die stille krag agter elke sukses wat ons behaal. So, as jy nog so gelukkig is om jou moeder by jou te hê, is hierdie Sondag jou geleentheid om dankie te sê vir die groot rol wat sy in jou lewe speel/gespeel het. Of dit nou 'n tuisgemaakte kaartjie, 'n gesamentlike maaltyd of bloot 'n opregte 'dankie' is, die gebaar is om te wys dat hul pogings nie ongesiens verbygaan nie. Moedersdag herinner ons daaraan om ons ma's nie as vanselfsprekend te neem nie en dat ons elke dag herinner sal word aan hulle aandeel in ons lewens. Dit is eers wanneer hulle nie meer daar is nie dat party mense dit besef. Ook hier by die skool eer ons al ons damespersoneel wat 'n blywende impak op ons kinders maak en vir elke kind 'n moeder is. Seën vir almal.

*Dr. André Smith*

## BELANGRIKE INLIGTING EN UITSLAE

**1. Koorfees**

Ons jaarlikse Koorfees, wat hierdie week plaasgevind het, was weer 'n besondere geleentheid gewees. Baie dankie aan Me. Esmé du Toit en al die personeel vir hul aandeel in die organisering daarvan.

**2. Wintersdrag**

Die weer het vinnig koeler geraak. Leerders mag wintersdrag skool toe aantrek. Maak asb. seker dat u kind elke dag korrek aangetrek is vir skool. Ook wat betref algemene netheid soos hare, skoene, bykomstighede, ens. Baie dankie vir almal se samewerking.

**3. *Die Aalwyn* klerewinkel**

Ons is baie opgewonde oor ons splinternuwe klerewinkel. Die winkel verkoop goeie gebruikte skoolklere, asook trotse Park produkte. U kan dit gerus besoek en kyk wat daar beskikbaar is. Die winkel is Maandae tot Donderdae, 12:30 – 14:15 oop.

**4. Hokkie**

Baie geluk aan die volgende leerders wat in Eden-hokkiespanne opgeneem is:

- Mia Brönn – o/13 Dogters IPT-span
- Avaro Potgieter – o/13 Seuns streekspan

Baie sterkte met die toernooie wat voorlê.

## Kontak ons:

Kaapweg 49 Mosselbaai
Posbus 96, Mosselbaai, 6500
Tel: 044 691 1020/1
Epos: navrae@lspark.co.za
www.laerskoolpark.co.za


### VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Ma, 11 Mei: Rugby/netbal (B/C-spanne) vs Vorentoe
Wo, 13 Mei: Rugby en netbal (A-spanne) vs Diaz
Do, 14 Mei: HEMELVAARTDAG
Sa, 16 Mei: Brakkiedag (o.7-o.9)
Rugby: SWD o.13 spanoefening




### BANKBESONDERHEDE

Naam: Laerskool Park
Bank: Standard Bank
Rekeningnommer: 060822643
Tipe rekening: Business Current Account
Takkode: 051001 (George)
Verwysing: Familiekode

**5. Koorleiers**

Baie geluk aan die volgende leerders wat as koorprefekte aangewys is:

- Leah Bosman: Koorhoofdogter
- Kyle Smith: Koorhoofseun
- Kiran Jansen; Keira Lackay; Divan Pretorius; Lisa Pretorius; Layken Prinsloo; Mia-Ella Schoeman; Isabella van den Berg en Mieke van Rooyen

Baie sterkte met jul werksaamhede.

**6. Netbal**

Baie geluk aan die volgende leerders wat in die o.11-Mosselbaai span opgeneem is:

- Gia London
- Githe Snyders
- Azaleah October

Hulle gaan verder aan die Eden-proewe deelneem. Baie sterkte.

**7. Tennis**

Liandi van Zyl het verlede naweek aan die Eden Technifibre Rainbow Kidz toernooi te George deelgeneem en 'n 2de plek behaal in die groenbal o.10-afdeling. Baie geluk!

**8. Johann Muller o/11 rugby- en netbaltoernooi**

Ons eerste Johann Muller o.11 rugby- en netbaltoernooi was 'n reuse sukses. Ons ontvang steeds baie positiewe terugvoer vanaf die deelnemende skole en heelparty skole het reeds aangedui dat hulle die toernooi volgende jaar gaan bywoon. Baie dankie aan elkeen wat gehelp het om hiervan 'n sukses te maak. Die volgende spelers is in die spanne van die toernooi ingesluit:

- Netbal: Ava Muller
- Rugby: Derich Wessels, Johan Swanepoel en Mattan Ceaser

Baie geluk ook aan die o.11A-rugbyspan wat 'n algehele 2de plek behaal het.

**9. Rugby- en netbaluitslae**

Uitslae van die rugby- en netbalwedstryde teen Garden Route Primary:
**Netbal:** o/10C wen 2-0 teen o/10A; o/11C verloor 0-18 teen o/11A; o/12C verloor 2-4 teen o/12A; o/13C wen 11-6 teen o/13A.
**Rugby:** o/11C verloor 5-15 teen o/11A; o/13C verloor 0-29 teen o/13A.

**10. Personeelverjaardae**

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar:
15 Mei: Elsabé Fourie

100% Parkies

**11. Skooltye vir 2026**

Ouers moet asb seker maak dat leerders elke dag betyds by die skool is:

- Graad RRR, RR en R: 07:30 – 12:15
- Graad 1: 07:30 – 13:00
- Graad 2 en 3: 07:30 – 13:30 (Vrydae – 13:00)
- Graad 4-7: 07:30 – 14:00 (Vrydae 13:15)

**12. Skoolfonds vir 2026**

Skoolfonds vir 2026 is as volg vasgestel:

- **Graad 1 – 7: R14 400 per jaar**
- **Graad R: R14 800 per jaar**
- **Graad RR: R16 000 per jaar**
- **Graad RRR: R19 500 per jaar**



# ONS SPRING WEG @

PARK

VOLHARD - PERSEVERE





GR RR & R

MAANDAE

12:15–13:00

PRESTIGE
AthleKidz

MARNA

083 4994 229



NIEK HARTEVELD
OOGKUNDIGE/OPTOMETRIST



# HET JY GEWEET:

**Ongeveer 1 uit 4 kinders het visie probleme**

## IS JOU KIND DALK EEN VAN HULLE?

*My eie dogterjie is een van die* ***1 uit 4***

Geen tekens, geen klagtes... al hoe ek dit opgetel het was met 'n **roetine oogtoets**.


'n Kind se **visuele stelse**l is een van hul **belangrikste leerhulpmiddels.**

Jou kind het dalk *goeie sig*, maar **visie is veel meer as dit.**

***JY HOEF NIE TE WONDER NIE, ONS KAN HELP***

**SKAKEL ONS**






044 695 1688 | 066 562 6754 | 19 Ryk Tulbach str, Da Nova

# MOSSELBAAI SKRYFBEHOEFTE EKSPO

## 8 BOEKENHOUT STRAAT, HEIDERAND
## 5 JUNIE 2026, 09:00 - 16:00

PILOT

Treeline

iwrite

data

EDEN EDUCATIONAL SERVICES

*affordable*

**STATIONERY & TEXTBOOKS**

Butterfly

PILOT

sds

SSC

BSC Stationery Sales

Croxley SINCE 1933

PARROT PRODUCTS



**RSVP & SPESIALE PRODUKVRAE**

**083 265 0798** | info.edeneservices@gmail.com

# BAYCO.

## GLASS AND ALUMINIUM

## NOW UNDER NEW MANAGEMENT







We're proud to introduce a new era at **BAYCO Glass and Aluminium** - with renewed focus on quality, reliability, and service you can count on.

**What you can expect:**

- Fast, reliable turnaround times
- Competitive pricing
- Precision workmanship
- Custom glass & aluminium solutions
- Professional installation teams

Whether you're working on residential, commercial or custom projects, we're ready to deliver results that meet your standards.

**Let's build something great together.**





W W W . B A Y C O . C O . Z A

082 446 5834

sales@bayco.co.za


Randa Sport
083 390 8000
fb Randa Cycle and Run
Mossel Bay
Jou Hokkie Vennoot!
*Hokkie stokke
*Gloves
*Grips
*Shinguards
*Balls
*Keyrings
*Bags
GRYPHON
15 % Afslag vir alle Parkies !!
UNDER ARMOUR
BROOKS
Marsh Straat 43
( langs OK Minimark)


PARK
VOLHARD - PERSEVERE
LAERSKOOL PARK NASORGSENTRUM
VANAF JANUARIE 2026
R 900 per maand
13:00 - 17:30
REGISTREER NOU
Navrae: 044 691 1020
Inskrywingsvorm by skool of op die webblad beskikbaar


SUZUKI
GRAND VITARA
R15 000
DISCOUNT / TRADE ASSIST
SUZUKI Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
75 TAVCOR MOTOR GROUP


SUZUKI
DZIRE
FREE
RADIO, ALLOY WHEELS
AND SMASH & GRAB
SUZUKI Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
75 TAVCOR MOTOR GROUP


SUZUKI
FRONX
R15 000
DISCOUNT / TRADE ASSIST
SUZUKI Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
75 TAVCOR MOTOR GROUP


SUZUKI
Jimny
5-door
R30 000
ACCESSORIES VOUCHER
SUZUKI Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
75 TAVCOR MOTOR GROUP


SUZUKI
SUPER CARRY
R15 000
DISCOUNT / TRADE ASSIST
SUPER CARRY
SUZUKI Mossel Bay
TAVCOR
044 695 3012
www.tavcorsuzuki.co.za
*Model/s shown may vary from actual stock. T's & C's Apply. E & OE. Tavcor Motor Group (Pty) Ltd, an Authorised Financial Service Provider FSP no 10223.
75 YEARS
TAVCOR MOTOR GROUP